

Wêreldomgewingsdag: Plastiek skuil reg onder ons neuse

*deur dr Lize Barclay**

Die tema van Wêreldomgewingsdag op Donderdag 5 Junie is die beëindiging van plastiekbesoedeling, met die hutsmerk #BeatPlasticPollution. Plastiekbesoedeling is deel van die sogenaamde drievoudige planetêre krisis, saam met klimaatsverandering en die verlies aan natuur, grond en biodiversiteit.

Waarom is plastiek sleg?

Plastiekbesoedeling gaan oor veel meer as die sigbare en die fisiese; dit is alomteenwoordig en wêreldwyd. Dit is gewoon oral. Ons sien plastieksakke wat vassit in die heining langs die pad, en strooitjies wat in die water dryf. Dít is uiters sigbare voorbeelde van die probleem. Tog moet ons ook begin begryp dat die wêreld en sy globale omgewingstelsels aanhoudend óm ons en déúr ons aan die beweeg is. Plastiek word afgebreek in klein stukgies, wat ons ‘mikroplastiek’ noem, en dan in selfs kleiner stukgies, wat bekend is as ‘nanoplastiek’.

Selfs al kan ons dit nie sien nie, behoort ons nooit van plastiek te vergeet nie. Mikro- en nanoplastiek beland in en ontwig ons water, grond en voedselstelsels. Dit versteur voedselwebbe, takel habitats af, veroorsaak oksidatiewe stres by plante en diere, verminder dieregroeï en plantontkieming, beïnvloed endokriene aktiwiteit, en dra patogene oor wat siekte versprei. As mense, spog ons graag oor ons plek boaan die voedselketting – nogtans absorbeer ons die kumulatiewe impak van mikro- en nanoplastiek deur ons kos, lug en water.

Hoewel die navorsing oor plastiek en menslike gesondheid betreklik nuut is, toon studies dat mikro- en nanoplastiek sowel die bloed–brein- as die bloed–plasenta-versperring kan oorsteek. Dit kom ook in menslike longe, die lewer, maagdermkanaal, niere, hart en testes voor. Boonop bio-akkumuleer hierdie plastiek in die menslike brein, en nanoplastiek is so klein dat dit selfs in selle opgespoor word.

Vroeë navorsing dui op risiko’s vir reprodutiewe gesondheid en ’n moontlike toename in demensie, Parkinsonsiekte, Alzheimersiekte, kardiovaskulêre probleme, asemhalingsversteurings en inflammatoriese dermsiekte as gevolg van die toename in mikro- en nanoplastiek in ons liggame.

Verskuilde plastiek

Wanneer jy die woord ‘plastiek’ sien, waaraan dink jy? Dalk strooitjies, bottels en plastieksakke? Nogtans is daar ander produkte wat ons elke dag sien en gebruik wat óók plastiek bevat en tot plastiekbesoedeling bydra wanneer dit gebruik, gewas of weggegooi word. Baie van hierdie items wat ons byna daaglik op en in ons liggame gebruik, word nie eens as plastiek erken nie.

Plastiek kan in ’n verrassende verskeidenheid produkte voorkom, waaronder ‘kreukelvrye’ klere van poliëster, akrielvesel of nylon; teesakkies; naelpolitoer; glinstergrimering; kougom; sekere soorte tandepasta; bottels en buisies waarin skoonmaakmiddels verpak word; sponse; weggooilappies; sekere soorte sonskerm; tampons en sanitêre doekies; sekere glasbottels; papierkoppies; kartonne waarin drinkgoed verkoop word; aluminiumblikke; skryfbehoeftes-items; verf; verbande; motorbande; winkelstrokies; kussings; en kleefvrye panne.

Daar is baie produkte wat spesifiek ontwerp is om plastiek met alternatiewe te vervang – soos notaboekes met ’n buiteblad van appelskille – en daarom is dit belangrik om die etikette van alternatiewe te lees en te verstaan. Vir alle produkte wat die een of ander vorm van plastiek bevat, is daar alternatiewe, maar dit vereis omgewingsbewustheid, moeite en soms ook geld om dit op te spoor en daaraan gewoond te raak, soos tandepasta-tablette, en sjampoe in die vorm van ’n koekie seep.

In Suider-Afrika is daar etlike klein gemeenskapsorganisasies en -ondernemings wat hierdie alternatiewe vervaardig en verkoop. Die veganistiese leefstyl – wat leer, vere en ander diereprodukte vermy – maak sake selfs méér kompleks en verg oorweging.

Klein veranderinge

Nietemin moet ons nie in sak en as gaan sit nie. Ons kan elkeen klein veranderinge maak wat 'n positiewe uitwerking op globale stelsels kan hê. Ons moet egter ook in gedagte hou dat sommige pogings om alternatiewe te gebruik – soos drasakke van organiese katoen, papierstrooitjies en ander plaasvervangers – moontlik ánder omgewingsrampe kan veroorsaak as jy die water en vervoer vir die katoensak, en die gom in die papierstrooitjies, in ag neem. Om alles op die vullishoop te gooi is ook nie 'n uitweg nie; dit sit bloot die probleem voort. Ons moet eerder besin oor die koste en tyd wat dit sal verg om minder afhanklik van plastiek te wees.

Ons kan ons bestaande plastiekprodukte verantwoordelik en volhoubaar aanhou gebruik en hergebruik terwyl ons dit stelselmatig met veiliger en meer ekovriendelike alternatiewe vervang. Die volgende vyf wenke kan jou help om jou plastiekgebruik én die alternatiewe te verstaan:

- Tyd–gerief–plastiekoudit: Dink na oor die tyd wat jy 'spaar' deur plastiek te gebruik. Ons besluite oor gerief en plastiekgebruik is dikwels gegrond op die siening dat ons nie genoeg tyd het nie. Waar kan jy dalk 'n bietjie tyd afknyp om 'n minder gerieflike dog meer plastiekbewuste keuse te maak, soos om jou sosiale mediasessies te verkort sodat jy jou eie middagete kan inpak?
- Reg om te gryp: Plaas jou herbruikbare plastiekalternatiewe – soos inkopiesakke, voedselgraadmetaalblikke soos kosblikke, metaalstrooitjies en jou herbruikbare koffiebeker – op 'n sigbare plek waar dit maklik is om te gryp, soos langs jou sleutels of foon, sodat jy dit nie kán vergeet nie.
- 'n Studie in etikette: Vind meer uit oor die inhoud van jou skoonheidsprodukte, klere, skoene, skryfbehoeftes en ander daaglikse produkte om te bepaal watter items plastiek bevat wat in die toekoms in lewensgevaarlike mikro- en nanoplastiek kan verander.
- Sny die smaakmakers af (*deinfluencing*): 'n Groot tendens op sosiale media is om jou te ontkoppel van al die smaakmakers wat jou probeer oorhaal om die jongste kosmetiese produk, die nuutste oulike handsak, nóg klere of die soveelste handelsmerkbeker met 'n strooitjie in elke kleur te koop.
- Bou stadig alternatiewe op, maar pasop vir die slagkat van estetiese verbruikersdruk: 'n Mens kan so maklik die fout maak om alle plastiek weg te gooi en dit met die skoon, oënskynlik monotone beige en bruin van die zero-afval-estetika te vervang. Dít op sigself stort 'n ongelooflike hoeveelheid plastiek in die reeds oorlaaide omgewing, en die koste en besluitnemingsverlamming van 'n eensklapse verandering kan oorweldigend wees. Wanneer 'n produk gehawend en moeg begin lyk, doen jou navorsing, besluit op plaaslike en volhoubare alternatiewe, en belê in stukke wat sal hou – hetsy 'n pragtige houtkam, 'n kunstig gevlegte grasmandjie vir inkopies, of tweedehandse klere. Herwin dan die items waarmee jy klaar is op 'n verantwoordelike manier.

Om plastiekbeseedeling stop te sit sal 'n daadwerklike poging van ons almal verg. Kom ons verbind ons dié Wêreldomgewingsdag daartoe om minder afhanklik van plastiek te wees en volhoubare alternatiewe te aanvaar.

***Dr Lize Barclay is 'n senior dosent in Toekomsstudie en Stelseldenke by die Universiteit Stellenbosch se Stellenbosch Besigheidskool.**